Bid saam

met die Bybelgenootskappe

Gebedsgids
no 4 • 2023



1-7 Okt

Sri Lanka

Bid vir die suksesvolle hersiening van die Tamil Bybel asook vir die tydige voltooiing en bekendstelling van die Nuwe Testament op die beplande datum. Bid ook vir die nodige befondsing van die geletterdheidsprojek.

Maldive

Bid vir hierdie land waar Christenskap onaanvaarbaar is. Christene hier staar tronkstraf in die gesig indien hulle hul geloof openlik beoefen. Bid dat Christene hier toegang tot Bybels en Bybelmateriaal sal kry en dat die regering vryheid van spraak sal toelaat.

Indië

Krotbuurtbewoners hier is hoofsaaklik migrante wat na die stede kom vir werk en opvoeding. Bid vir ons projek om die lewens van hierdie mense te verbeter, om hulle menswaardigheid terug te gee sodat hul lewensomstandighede kan verbeter.

Bangladesj

Bybels en Bybelgedeeltes help die jeug nuwe metodes leer om Bybelkennis aan ander oor te dra. Bid vir fondse om Bybels en Bybelgedeeltes te bekom asook vir die beskerming van ons kinders wat die boodskap van Christus met toekomstige geslagte moet deel.

8-14 Okt

Mikronesië Vennootskap

Ons gratis Bybelverspredingsprojek is volstoom aan die gang. Bid dat gevangenes die Evangelie sal ontvang en God se vergifnis en reddende genade sal ervaar. Bid dat die Pohnpeians in Guan die Goeie Nuus sal hoor en geestelike vryheid, genesing en herstel sal ontvang.

Filippyne

Prys God vir ons aktiewe projekte. Bid dat die projek om die Nuwe Testament in Noordelike Sorsoganon te vertaal in 2026 voltooi sal word. Bid vir die goeie gesondheid en beskerming van die vertalers en hul

gesinne en teen natuurrampe.

Taiwan
In ons land is daar diverse etniese en geloofsgroepe. Die evangelisasie aan mense in die platteland wat in bygelowigheid en soortgelyke praktyke glo, is 'n uitdaging. Bid dat die Bybel die waarheid van die een ware God aan hulle bekend sal maak.

Hongkong
Bid vir die uitbreiding van ons digitale voetspoor. Bid ook dat ons kan voortgaan om Bybels aan die mees blootgestelde lede van ons gemeenskap soos die bejaardes en die armes te gee.

15-21 Okt

Australië
Die Bybel moet nog in verskeie inheemse tale van ons land vertaal word. Bid dat Bybelvertaling tot die bewaring van en 'n oplewing in inheemse tale sal lei. Bid ook vir ons inheemse broers en susters wat tans as Bybelvertalers opgelei word.

Indonesië
Bid vir ons projek om die Woord van God aan Kodisprekende gemeenskappe beskikbaar te maak deur die vertaling en publikasie van die eerste Kodi Nuwe Testament teen 2025.

Oos-Timor
Bid vir Bybelwerk in die land. Bid dat 'n plaaslike Bybelgenootskap weer in hierdie streek ingestel sal word sodat geteikende Bybelprojekte in die gemeenskap gehou kan word.

22-28 Okt

Suid-Pasifiese
Bid dat die opleiding van twee projekbestuurders om te help om Bybelvertalingsprojekte in Vanuatu, Samoa, Tonga en Fiji te bestuur teen Oktober 2023 voltooi sal wees. Bid vir lande in die Suid-Pasifiese en vir beter samewerking onder die streekspersoneel en vrywilligers.

Papoea-Nieu-Guinee
Bykans 40% van die bevolking leef in armoede. Bid vir die plaaslike gemeenskappe wat vertaalwerk doen om 'n volledige Bybel, Nuwe Testament en Bybelgedeeltes in druk en oudio teen 2023 bekend te stel. Bid ook vir groter samewerking tussen regeringsagentskappe en nie-winsgewende organisasies.

Nieu-Seeland
Bid vir goeie verhoudinge tussen die Katolieke Kerk en die Bybelgenootskappe in die Asië-Pasifiese gebied. Bid dat Bybelgenootskapprojekte groter Bybelbetrokkenheid onder Katolieke sal bevorder. Bid vir beter kommunikasie met Katolieke en vir fondse.

29 Okt-4 Nov

Verenigde State van Amerika
Prys die Heer vir al die seëninge wat Hy aan ons gee. Bid vir ons doel om 100 miljoen Amerikaners aktief by die Woord van God betrokke te kry. Bid dat nuwe Bybelinisiatiewe 'n hernieude liefde vir die Woord van God sal aanwakker.

Mexiko
Ons land kort dringend gebed om die vlaag van mishandeling in sy verskeie vorms aan te spreek. Bid vir die 1 200 jong vroue wat jaarliks vermis raak en die kommerwekkende hoë misdaadsyfer.

Kanada
Bid vir ons werk om voorspraak te maak vir die Bybel. Bid vir ons projekte om nuwe formate en verspreidingskanale te gebruik om meer mense te bereik. Bid ook dat toekomstige vennootskappe daartoe sal bydra dat die Bybel mense se lewens sal verander.

5-11 Nov

Costa Rica
Bid vir ons land se jeug in 'n tyd van hoë werkloosheid. Al minder jeug woon kerk by en die getal mense wat gelowig is, krimp. Bid vir 'n herlewing van geloof en vertroue in Jesus Christus.

Nicaragua
Ongeletterdheid is baie hoog onder die Miskito, Sumo en Garifuna gemeenskappe. Hierdie groepe kan nie Bybels bekostig nie. Bid vir die sukses van ons projekte wat op hierdie minderheidsgroepe gemik is en dat die Woord hul harte sal raak en verandering sal meebring.

Panama
Bid vir ons missie om ons promosie- en verspreidingstrategieë aan te pas en met kreatiewe projekte vorendag te kom. Bid vir ons doelwit om Bybellees en Bybelbetrokkenheid in elkeen van die bevolkingsegmente te bevorder.

12-18 Nov

Wes-Indiese Eilande
Dra al ons aktiewe projekte asook ons visie om as 'n waardevolle hulpmiddel in die Christelike Kerk te dien, in gebed op. Bid dat ons kan voortgaan om genoeg Bybels teen die beste pryse aan ons kliënte, veral skole, te bied. Bid vir strategiese

vennootskappe.

Haïti

Oor die laaste drie jaar is die kinders hier aan baie traumatiese gebeure blootgestel weens die chaotiese situasie in ons land. Bid vir hulle in hul daagliks worsteling om in moeilike omstandighede te oorleef. Vra God om oor hulle wag te hou en hul onskuld te beskerm.

Kuba

Bid vir ons poging om 'n Bybel aan elke Kubaan te verskaf as deel van ons *1 Miljoen Bybels*-projek. Bid vir die koördineerder in elke provinsie en vir veiligheid op hul reise oor die eiland om die Goeie Nuus van Jesus Christus te verkondig.

19-25 Nov

Puerto Rico

Bid steeds vir ons bediening en die verspreiding van Bybels en Bybelgedeeltes. Bid dat ons geseënd sal wees met die verspreiding van sy Woord sodat dit in druk en digitale formaat beskikbaar en bekostigbaar sal wees.

Nederlandse Antille & Aruba

Bid teen die hoë misdaadsyfer en dat meer mense na Jesus sal draai. Sekularisme en werkloosheid is aan die toeneem. Bid dat die Woord van God regoor Aruba, Bonaire en Curaçao versprei sal word en dat meer mense hul harte vir die Evangelie sal oopmaak.

Oos-Karibiese Eilande

Die Bybelgenootskap hier bedien 12 eilandstate met 'n gesamentlike bevolking van 2,3 miljoen. Bybels is algemeen beskikbaar maar word as irrelevant beskou, veral onder die jeug. Baie van die jeug is nie by enige vorm van godsdiens betrokke nie en is opgevang in die sekulêre kultuur van die dag. Bid dat hulle na Jesus sal draai.

Dominikaanse Republiek

Bid vir ons projek om 7 000 kinders van 'n Bybel of Bybelgedeelte te voorsien. Bid dat diegene wat die Woord ontvang dit sal lees, bestudeer en volgens Christelike waardes sal leef. Bid ook vir ons *Nee vir Geweld*-projek wat poog om te keer dat 15 000 kinders slagoffers van geweld word.

26 Nov-2 Des

Guatemala

Bid vir ons projek om Bybelmateriaal aan kinders met Downsindroom, outisme en ander intellektuele gestremdhede te voorsien. Bid dat die projek 'n impak op baie kinders en tieners sal hê. Bid vir die ouers en onderwysers.

Suriname

Die vertaling van die Sarnami Hindi Ou Testament duur steeds voort. Bid vir ons vertalers en hersieners. Bid vir die wysheid, krag en gesondheid van die span. Bid dat die Woord van God meer mense sal bereik.

3-9 Des

El Salvador

Bid vir ons kinders wat uitsonderlike uitdagings in die gesig staar weens die geweld in hulle buurte. Bid vir hul beskerming en krag in elke situasie. Bid ook vir die span wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n

Bybelgebaseerde strokiesprentboek. Mag hulle die nodige kreatiwiteit, wysheid en passie hê om materiaal te ontwerp wat 'n positiewe impak op kinders se lewens sal hê.

Honduras

San Pedro Sula word as die misdaadhoofstad van die wêreld geag. Bid dat dit tot die stad van liefde en vriendskap herdoop word. Bid dat ons land bevry word van die kettings van geweld en misdaad en dat dit 'n land van vrede, harmonie en God se genade sal word. Bid vir ons projekte om die Woord van God te versprei om hierdie droom 'n werklikheid te maak.

10-16 Des

Afghanistan

Die situasie in ons land bly onstabiel en menseregte is in gevaar. Die voortdurende bedreiging van gevaar bly 'n groot bekommernis en almal wat hier woon, is desperaat op soek na hoop. Bid dat die Woord van God aan alle Afghane beskikbaar gemaak word.

Pakistan

Prys die Here vir ons aktiewe projekte. Bid steeds vir ons strategie om Bybels, Bybelgedeeltes en -seleksie aan kerke, die jeug, bejaardes, gesinne en kinders met spesiale behoeftes beskikbaar te maak. Christene is in die minderheid in ons land en ons bid dat meer mense met die Evangelie van Jesus Christus bereik sal word.

17-23 Des

Azerbeidjan

Die Bybelgenootskap hier werk hard daaraan om 'n Christelike teenwoordigheid te vestig deur nuwe verhoudinge met kerke te bou. Bid dat ons missie om Bybels en Bybelmateriaal beskikbaar te maak soveel as moontlik mense sal bereik.

Armenië

Bid vir die nuwe hersiening van die Wes-Armeense Bybel, wat nou in sy vierde jaar is. Bid vir deernis en uitreiking van kerke teenoor hierdie vertaling sodat baie gelowiges 'n geestelike tuiste in hierdie Heilige Boek mag vind.

24-30 Des

Russiese Federasie

Bid vir die suksesvolle voltooiing van die Ou Testament in die Altay taal. Dit sal bydra tot die publikasie van die eerste volledige Altay Bybel wat die Skrif vir meer as 70 000 mense wat hierdie taal praat, toeganklik sal maak.

Kirgistan

Bid vir ons doelwit om deur die voorsiening van die Bybel en die implementering van goed verstaanbare interkerklike Bybelvertalings, die mense in Kirgistan geestelik te help ontwikkel. Bid vir ons vertalers wat besig is met die vertaling van die Bybel in Kirgies.

Kasakstan

Ons versoek gebed vir die vertalingsprojekte van Bybels in die tale van die mense wat hier bly. Bid vir ons plan om meer aandag te gee aan kleiner etniese groepe in die stryd teen ongeletterdheid en om die Evangelie in verskillende formate aan mense beskikbaar te maak. dS